Taj Mahal

Daar is baie geboue en **monumente** oor die wêreld heen wat só uitsonderlik is dat mense van oraloor kom om daarna te kom kyk. Die **Taj Mahal**, wat al die trots van Indië genoem is en as een van die mooiste monumente op aarde bestempel word, is ’n sprekende voorbeeld. Dit word ook as Tadj Mahall gespel en beteken “kroon van paleise”.

Die Taj Mahal is een van die Nuwe Sewe **Wonders** van die Wêreld. Eeue gelede het mense ’n lys van sewe plekke opgestel wat die Sewe Wonders van die Wêreld genoem is. Hierdie **manjifieke** plekke was die Kolos van Rhodos, die Groot Piramide van Giza, die Hangende Tuine van Babilon, Zeus se standbeeld by Olympus, die Tempel van Artemis by Efese, die **Mausoleum** van Halikarnassus en die Vuurtoring van Alexandrië. [1]

Ongelukkig het daar nie veel van die sewe oorgebly nie, want vier is deur aardbewings platgevee, twee is in brande vernietig en slegs een daarvan kan steeds besoek word, en dit is die Groot Piramide van Giza.

Dit is juis daarom dat daar in die jaar 2000 besluit is om sewe nuwe wonders te soek en mense het wêreldwyd daarvoor gestem. Die finale resultate is in 2007 aangekondig en die Nuwe Sewe Wonders is die Groot Muur van China, die Christus die Verlosser-standbeeld, Chichén Itzá, Petra, Machu Picchu, die Colosseum en die Taj Mahal. [2]

Agtergrond

Die Taj Mahal is op die regteroewer van die Yamuna-rivier in die Agra-distrik van die Uttar Pradesh-staat in Indië geleë en is sekerlik Indië se bekendste gebou. Dis ’n groot **trekpleister** vir toeriste.

Die Taj Mahal is ’n mausoleumkompleks in ’n tuin van nagenoeg 17 hektaar en is deur die Mogol-keiser Shah Jahan as ’n **huldeblyk** aan sy oorlede vrou, Mumtaz, laat bou. Keiser Shah Jahan was van 1628 tot 1658 die Moslem-regeerder van die Mogol-ryk in Indië. Hy en sy vrou, Mumtaz, is in 1612 getroud en sy is in 1631 tydens die geboorte van hul 13de kind oorlede. Die keiser was só lief vir sy vrou dat sy hare en baard glo binne ses maande spierwit geraak het van skok oor haar dood! Shah Jahan het die Taj Mahal ’n jaar ná haar dood laat bou as ’n **eerbetoon** aan haar en sodat almal haar kon onthou. [3]

Die keiser het nog verdere planne gehad en hy wou ook vir homself ’n mausoleum in swart marmer oorkant die Taj Mahal laat bou het. Die monument sou sy lyk gehuisves het en dit sou dan deur ’n brug met die Taj Mahal verbind geword het. Sy seun, Aurangzeb, het egter sy eie planne gehad en het die ryk oorgeneem deur sy pa in hegtenis te neem en hom vir die res van sy lewe in huisarres te plaas. Sodoende is Jahan se mausoleum nooit gebou nie, maar hy is ná sy dood ook in die Taj Mahal langs sy vrou begrawe. [4]

Daar word gereken dat die Taj Mahal een van die beste voorbeelde van Mogol-argitektuur is – ’n vermenging van Indiese, Perse en Islamitiese style. Daar is in 1632 aan die Taj Mahal begin bou en die mausoleum is teen 1648 voltooi. Die **moskee**, gastehuis en hoofingang is teen 1653 voltooi. Gelukkig is daar vele inskripsies wat gehelp het om die tydlyn van die monument te bepaal en daarom weet ons vandag dat daar omtrent 22 jaar daaraan gebou is en dat ongeveer 20 000 werkers daaraan help bou het! [3]

Soos jy kan dink, was daar nie net bouers nie, maar vele ander vakmanne en kunstenaars, soos skilders, **messelaars, kalligrawe** en **beitelaars** wat by die bouwerk betrokke was. Hierdie mense het nie net van Indië afgekom nie, maar ook van Persië, die Ottomaanse ryk en Europa. Die werk was só groot dat daar ’n span argitekte was, maar die hoofargitek se naam was Ustad Ahmad Lahori. [4]

Die Taj Mahal word as die grootste argitektoniese prestasie in die Indo-Islamitiese argitektuur beskryf. Dis juis so besonders, want daar is allerlei slim **truuks** gebruik om die gebou indrukwekkend te laat lyk en dis nogal verstommend as ’n mens dink dat dit eeue gelede sonder die moderne tegnologie van vandag gebou is. [5]

Dis perfek **simmetries** gebou, behalwe vir die **graftombes**. Die graftombe vir die man is groter as die een vir die vrou. Die mausoleum is ook byvoorbeeld aan die einde van die tuin (wat in kwarte verdeel is) in plaas van in die middel van die tuin, geplaas. Dit gee diepte aan die uitsig op die monument. Die vier **minarette** by die hoeke van die vierkantige platform bied ook verdere **dimensie** aan die argitektuur. Die monument het vele simbole en betekenisse, en die tuin en waterpoel het ook simbole. Die tuin verteenwoordig glo die perfeksie en skoonheid van hemel op aarde, terwyl die waterpoel diegene wat dit besoek, se **visie** reinig. [6]

Feite oor die kompleks

- Die kompleks bestaan uit vyf hoofelemente. Daar is die hoofingang, ’n tuin, ’n moskee, jawāb (’n gebou wat ’n **replika** van die moskee is) en ’n mausoleum met vier minarette (dun torings).
- Die tuin is in vier kwarte deur twee hoofpaadjies verdeel. Elke kwart word verder verdeel deur smaller voetpaadjies. Daar is waterpoele wat die geboue pragtig weerspieël.
- Die mausoleum rus op ’n vierkantige marmerbasis wat 7 m hoog is. Die gebou is min of meer vierkantig en elkeen van die vier aansigte van die gebou het ’n groot boog wat ongeveer 33 m hoog is. Die mausoleum het ’n groot **koepelvormige** dak. Die dak se hoogste punt is 73 m en dit word deur vier kleiner koepels omring.
- Die binnekant van die mausoleum is ’n groot vertrek wat monumente aan Jahan en sy vrou bevat. ’n Marmerskerm omring dit en onder die monumente rus die eintlike graftombes van Jahan en sy vrou. Dis ook

pragtig versier. [7]

- Die mausoleum het twee identiese geboue aan weerskante daarvan. Dit is die moskee, wat na die ooste kyk, en sy jawāb, wat na die weste kyk. Die jawāb is gebou om balans te skep en is eintlik ’n spieëlbeeld van die moskee.
- Die suidelike kant van die kompleks het ’n rooi sandsteeningang met ’n boog wat twee verdiepings hoog is. Daar is wit marmerpanele op die boog wat inskripsies uit die Koran en blomontwerpe bevat. Die noordelike en suidelike aansigte van die ingang het dun minarette. Die minarette is 30 meter hoog.
- Edelstene en Arabiese **kalligrafie** is regdeur die kompleks as versiering gebruik. Hulle noem die inleg van halfedelstene “pietra dura”. Verskeie kleure en halfedelstene, soos lasuriet, niersteen, kristal, turkoois en ametis, is gebruik om **geometriese** en blomontwerpe mee te skep.

Bewaring

Die Taj Mahal is vir eeue afgeskeep en daar is eers in die 20ste eeu groot **restourasiewerk** verrig. Dit is onder die leiding van Lord Curzon, ’n Britse onderkoning in Indië, gedoen.

Ongelukkig het die gebou intussen verder agteruitgegaan, want lugbesoedeling bly ’n groot bedreiging. Die wit marmer lyk deesdae groenbruin as gevolg van verkleuring weens besoedeling. ’n Studie in 2015 het bevind dat stof en besoedeling deur fabrieke en voertuie die grootste oorsake van die skade is. Die Yamuna-rivier bied ook verdere bedreigings, want die water bevat riool en chemiese afval van fabrieke. Die rivier wat al hoe droër word, is nóg ’n **tameletjie**, want dit beïnvloed die struktuur van die fondasie. Dit kan daartoe lei dat die monument in die grond insink!

Vandag is daar ’n lugversorgingstelsel in die gebou, wat die luggehalte monitor. Daar mag ook nie voertuie binne 500 m van die monument af stop nie. Indië het

ook in 1999 fabrieke in Agra, wat tot die besoedelingsprobleem bydra, gesluit. Dit het daartoe gelei dat meer as 2 000 fabrieke in die omgewing besluit het om nie meer steenkool te gebruik nie. Daar is ook besluit om nie meer as 40 000 toeriste per dag toe te laat nie. [8]

Woordbank

beitelaars	Iemand wat met ’n beitel – ’n stuk gereedskap met ’n plat staalpunt – werk.
dimensie	Grootte of omvang van iets.
eerbetoon	Wat mense doen om respek vir iemand te wys.
geometriese	Met lyne en/of vorms soos driehoeke, sirkels en vierkante in patrone gerangskik.
graftombes	’n Grafmonument wat van steen gebou is.
huldeblyk	Dit is ’n bewys van hulde of hoë agting; iets wat jy doen of sê om aan iemand te bewys dat jy baie van hom of haar dink.
kalligrawe	Iemand wat in sierskrif spesialiseer.
kalligrafie	’n Kunstige skrif; sierskrif.
koepelvormige	In die vorm van ’n boog; boogvormig.
manjifieke	Asemrowend, groots, indrukwekkend, onbeskryflik, pragtig.
mausoleum	’n Graf wat versier is.
messelaars	Iemand wat met sement of klei werk.
minarette	’n Dun toring wat op ’n moskee aangetref word.
monumente	’n Standbeeld of gebou wat opgerig is om ‘n persoon of gebeurtenis te herdenk.
moskee	’n Moslemtempel.
optiese illusie	Om iets te sien wat nie bestaan nie of anders lyk as wat dit is.
replika	Nabootsing van die oorspronklike; duplikaat.
restourasiewerk	Opknapping, herstel na hoe dit oorspronklik gelyk het.

roepees	Indiese geldeenheid, -muntstuk.
simmetries	Iets wat goed gebalanseerd is, presies ooreenstem.
tameletjie	Probleem, moeilikheid, kwessie.
trekpleister	Iets wat jou lok; aanloklik is.
truuks	Slimmigheid.
visie	Toekomsblik, insig.
wêrelderfenisgebiede	’n Gebied wat van internasionale belang is en wat beskerm moet word.
wonders	’n Voorwerp, verskynsel, handeling, gebeurtenis wat buitengewoon is en wat mense verras.

Lees dié artikels om meer te leer

- **Die Nuwe Sewe Wonders**
- **Leer meer oor die monument**
- **Interessante feite**

Kyk dié video’s oor die Taj Mahal

Die storie van die Taj Mahal

Nog feite

Die Nuwe Sewe Wonders van die Wêreld